Lees ons en adverteer aanlyn - www.noordwester.co.za - like

Noordwester

Pieter Coetzer (bestuurder: Kleinhandel en Meganisasie by NWK), Flip de Bruin (vervoer-kontrakteur en deeltydse produsent), Hannes Marx (NWK Meganisasie-bemarker) en Johan Jansen van Rensburg (operasionele bestuurder van Meganisasie by NWK) tydens die aflewering van 'n aantal werktuie wat deur Flip aangekoop is. Lees meer hieroor op bl.6.

NWK-span blink uit

Police in gun-battle with gang – bl.3

Rowers gefnuik – bl.3

Gestig 1955

13 MARCH 2020

H/v Transvaal- en Dr. Nelson Mandelarylaan
Posbus 2000, Lichtenburg 2740
Epos: mailbag@noordwester.co.za
Tel: 018 632 6038 | Faks: 018 632 4222

9 771680 161008

R2-00
VAT INCL

Bridgestone / Firestone madness

Alle trok, bakkie en trekkerbande @ Spesiale Afslag

Exhaust free flow systems vanaf R2 500

Pryse te laag om te adverteer. Geldig solank voorraad hou.

TYRES | BATTERIES | BRAKES | SHOCKS

FLEET ACCREDITED

SUPA QUICK LICHTENBURG
136 Dr Nelson Mandela Drive
018 632 0805
www.supaquick.com

FLEET ACCREDITED
PROUD SUPPLIER OF
BRIDGESTONE
Firestone

T's & C's apply E&OE

Hare waai voor NWK

Bo: Verskeie manhaftige personeellede van NWK en lede van die publiek het verlede Vrydag voor NWK se hoofkantoor deelgeneem aan die "Laat die hare waai" projek van die Kankerkliniek wat elke jaar gehou word.



Regs: Amanda Pretorius was dapper genoeg om haar hare kort af te skeer tydens Lichtenburg Kankerkliniek se "Laat die hare waai" projek. Die haarkapper besig met die proses is Corné Viljoen.



Links: Verlede Vrydagoggend het die Lichtenburg Kankerkliniek 'n fondsinsamelingsprojek voor NWK se hoofkantoor van stapel gestuur en hare is of gesny of gekleur vir onderskeidelik R50 of R20. Op die foto kleur René Engelbrecht van die Kankerkliniek die hare van Glaudine van Aardt.

In Memoriam

Pieter Machiel de Beer is oorlede op 8 Maart 2020 en word op Vrydag, 13 Maart 2020 om 14:00 vanuit die Ned Hervormde Kerk begrawe. Ds. Gerrie Senekal sal die diens waarneem en hy word in die Kieserville Gedenktuin te ruste gelê. Ruhet Begrafnisdienste is in beheer van die reëlings.

Maria Ferreira de Mellim is oorlede op 3 Maart 2020 en word op Vrydag, 13 Maart 2020 om 11:00 vanuit die Rooms Katolieke Kerk begrawe. Vader Peter sal die diens waarneem en sy word in die Kieserville Gedenktuin te ruste gelê. Ruhet Begrafnisdienste is in beheer van die reëlings.

The funeral of Benjamin Lekontshe Springbok who died on 5 March 2020 will take place on 14 March 2020, 07:00 at Coligny. Ruhet Funeral Services will be in charge of the arrangements.

Mmapitso Emily Pudumo died on 4 March 2020. Her funeral will take place on 14 March 2020, 07:00 at Biesiesvlei. Ruhet Funeral Services will be in charge of the arrangements.

Mareetsane VLU begin voluit

Takbedrywighede van die Mareetsane VLU het gedurende Januarie 2020 met 'n gesellige byeenkoms aan huis van die voorsitster afgeskop waar daar met jaarbeplanning begin is. Hul tema vir die jaar is "Blom waar jy geplant is" en lede sien uit om dit uit te leef. Op die foto is die nuwe bestuur wat verkies is vir 2020. Hulle is voor Elaine Botha (Voorsitster) en Erika du Rand (Visevoorsitster en Skakelbeampte). Agter staan Thea du Rand (Sekretaresse), Adri du Preez (Addisionele lid) en Louise Fick (Tesourier).

Maylien katteler van formaat!

Baie geluk aan Maylien Venter, verteenwoordiger van Patch of Heaven Bengals en graad twee leerder van Laerskool Burgersdorp, wat op 7 Maart 2020 aan die National Cat Society, All Breeds Championship Cat Show in Johannesburg deelgeneem het met haar Oriëntal en Bengal katte. Sy het 'n Champion toekenning asook die kitten kategorie Top 4 gewen. Op die foto hou sy haar toekennings en haar kat, die geregistreerde Glory of Grace Tazz van Patch of Heaven vas.

LICHTENBURG VAKANSIE-OORD
AKKOMMODASIE
*50 SELFSORG TOEGERUSTE CHALETS.
* KARAVAANSTAANPLEKKE * UITKAMPGERIEWE * SKOON ABLUSIE
Like ons op facebook: Lichtenburg Vakansie-Oord
www.lichtenburgvakansieoord.co.za
TEL: (018) 632 5826
SEL: 082 543 3326

Go Fresh
KOTZEN CENTRE, LICHTENBURG
(Near Taxi Rank)
Fruit and Vegs
SPECIALS
ENGLISH CUCUMBERS 4 FOR..... R10.00
GREEN PEPPERS 4 FOR..... R10.00
WASHED POTATOES 10KG BAG R34.99
WASHED POTATOES 4 KG R25.00
BUTTERNUT 4 KG R25.00
ONIONS 3KG R25.00
BUY ALL 3 FOR R69.00
APPLES ROYAL GALA/GOLDEN... R11.99 p/pkt
NEW SEASON ORANGES ..... R23.99 pocket
BEST PRICES IN TOWN A LOT MORE IN STORE!!
SUPPORTING LOCAL FARMERS

Dajonet Saailing-Kwekers
5de Straat 11, Burgersdorp, Lichtenburg
Groente-saailinge beskikbaar.
Skakel ons gerus met u bestelling!!
Vir verdere navrae:
Danie: 082 962 8525
Tel: 018 632 4019

HENQUE EIENDOMME/ESTATES
BANTJESSTRAAT 19D, LICHTENBURG
TEL: 018 632 1736 FAKS: 018 632 1733
EPOS: annalizebrand@mcetech.co.za
ANNALIZE - 083 349 8313 ANSIE - 083 529 4979
TE HUUR
R6 500 - 3 Slp, 2 Badk, Afdak.
R3 800 - 2 Slp, 1 badk. Motorhuis.
R2 400 - 1 Slp, 1 Badk, Afdak.
R7 140 - 3 Slp, 2 badk, Swembad
TE KOOP – www.henqueeiendomme.co.za

Noodapteek -
16 Maart - 22 Maart 2020
Lichtenburg Apteek
Weekdae vanaf: 17:30 - 19:00
Saterdag: 18:00-19:00
Sondag: 11:00-12:30 & 18:00-19:00
Navrae: Yunus Kaka
018 632 6933

Noordwester

Kontak ons:
Tel: 018 632 6038 Faks: 018 632 4222
E-pos: mailbag@noordwester.co.za
Adres: H/v Transvaal- en Dr. Nelson Mandelarylaan, Lichtenburg 2740

Code of Conduct
This newspaper subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balanced. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 484 3619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za
Press Council

Publisher
Published by North West Newspapers (Pty) Ltd; and printed by North West Web Printers (Pty) Ltd a division of CTP Limited, 13 Coetzer Street. All rights and reproduction of all reports, photographs, drawings and all materials published in this newspaper are hereby reserved in terms of Section 12 (7) of the Copyright Act No 96 of 1978 and any amendments thereof.
North West Newspapers

Audit
The distribution of this ABC newspaper is independently audited to the professional standards administrated by the Audit Bureau of Circulations of South Africa.
abc

Note: Clients, readers, participants and advertising agents guarantee that the reproduction of text and/or images provided to the media company for advertising purposes contravenes neither copyright legislation nor any other law.

Police in gun-battle with gang

NOORDWESTER – MAHIKENG – The Hawks have suffered a momentous loss with the death of two members in a confrontation with an armed group of cash in transit robbers on Thursday, 5 March in Mahikeng and also near Coligny later the same day.

During the gun-battle, three of the gang members were shot dead and four others arrested.

The hunt for the remaining suspects has been intensified and the National Commissioner has ordered all police tracing teams to leave no stone unturned to bring these murderous perpetrators to justice. It is alledged that on Thursday, the Special Task Force members engaged suspects around Mahikeng who were in three vehicles. The armed gang had shot and forced a cash security van off the road. The suspects retaliated and took off in different directions. In their attempt to escape, two of the vehicles faced off with members from Technical Operations Management Section (TOMS) DPCI. During the shootout, Detective Warrant Officer Delene Grobbelaar (44) was fatally shot. The suspects managed to flee and a manhunt was established. Later in the day, one suspect was tracked and arrested at a Johannesburg hospital. Immediately thereafter a followup operation was launched in Coligny where the wanted suspects were confronted at a filling station by Technical Operations Management Section members. The four suspects retaliated with AK 47 rifles fatally wounding Detective Sergeant Wynand Herbst (42). Three suspects were fatally wounded and two seriously injured during the gun battle. Later in the evening a further two suspects were traced to Ventersdorp however they managed to escape. So far, three AK 47 rifles, two 9mm pistols, a bakkie and a minibus have been seized. The National Head of the DPCI, Lieutenant General Godfrey Lebeya expressed his sincere condolences to the families, friends and colleagues of our beloved members.

"We shall hunt the members of that organized criminal group that attacked the Cash in Transit vehicle and caused the death of our members," said General Lebeya. "We have recently assembled a bigger team under an experienced Brigadier to deal with these matters. Those who have information should provide it to the investigators of the police in general," said General Lebeya. Meanwhile, the National Commisioner has applauded the team for successful implementation of the 72-hour Activation Plan. "I am satisfied with the speedy response by our members to the brazen robbery and subsequent killing of one of our colleagues. The searge for more suspects is continuing and I have urged our policemen and women to relentlessly continue searching for the remaining suspects, whilst maintaining their own safety," said General Sitole.The Minister of Police, General Bheki Cele, MP has expressed his heartfelt condolences to the families and colleagues of the two deceased members.

"The apprehension of the five suspects with three fatally shot and two injured, can only bring cold comfort to those who lived and worked with the slain members. We are however doing that it will bring some kind of closure to the bereaved families," the Minister lamented.

Minister Cele has also commended the rapid response by members of the Hawks and the Special Task Force, and has urged the tracing and investigating teams to leave no stone unturned in their effort to find the remaining suspects.

During the shootout, Detective Warrant Officer Delene Grobbelaar (44) and Detective Sergeant Wynand Herbst (42) of the Hawks in Pretoria was fatally shot.

The alleged mastermind was apparently a man called Tefo of Mahikeng. He was killed during the gun-battle with the police.

On the photo the cash security van can be seen that was shot at and forced off the road near Mahikeng, as well as the minibus that the four suspects arrived in, at a filling station near Coligny.

Reinigingsmiddels uitverkoop na virus

NOORDWESTER – LICHTENBURG – Handreinigingsmiddels, chirurgiese handskoene en handreinigingslappies vlieg van die rakke af vandat die eerste bevestigde gevalle van die gevreesde nuwe koronavirus bekend as Covid-19 in Suid-Afrika aangemeld is.

Die middels is by groot kleinhandelaars soos Dischem, Clicks en Shoprite uitverkoop teen 'n veel hoër prys as gewoonlik na die nuus bekend geword het. Die gemiddelde prys vir 50 ml handreiningsmiddel is tans R14 terwyl 5 liter veeldoelige reinigingsmiddel soveel as R300 kan kos. Chirurgiese gesigmaskers kan jou tussen R10 en R20 kos en gespesialiseerde gesigmaskers kan jou soveel as R600 uit die sak jaag. Hoewel sommige van die produkte in wese nie buitensporig duur is nie, sukkel vervaardigers om by te hou met die wêreldwye vraag na dié produkte te midde van Covid-19 wat tans paniek in meer as 100 lande saai. Die Suid-Afrikaanse maatskappy U-Mask wat 30 00 van sy premium N95-gesigmaskers aan die Chinese regering geskenk het om die verspreiding van Covid-19 te help bekamp, sê hy het honderde miljoene bestellings wat nog verwerk moet word.

Suid-Afrika het Italië ook van 800 000 N95-gesigmaskers voorsien, waarna die eerste gevalle kort daarna op tuisbodem aangemeld is. Die vraag na voorraad neem sedert die uitbreking van Covid-19 al meer toe met verskaffers wat nou behoorlik moet bontstaan om voor te bly. Dit vraag na chirugiese gesigsmaskers is die afgelope paar maande ses keer meer, die vraag na N95-gesigsmaskers se vraag het verdriedubbel en die na chirurgiese oorjasse het verdubbel.

Covid-19 het toerisme in Afrika ook 'n lelike knou gegee. Een van Afrika se grootste aanlyn-besprekings-agentskappe vir safari-toere, het gesê die uitbreking van Covid-19 gaan die bedryf swaar tref. Die maatskappy het 'n opname onder 361 safari-toeroperateurs gedoen wat bevind het dat 'n kwart van die operateurs reeds 'n afname van 75% in besprekings ervaar. Die Internasionale Lugvervoervereniging (IATA) het in 'n verklaring gesê die bedryf se vooruitsigte lyk nie in die stadium goed nie. "Dit is onduidelik hoe die virus gaan ontwikkel, maar dit is 'n krisis. Die virus sal dalk impak op enkele markte hê en 'n verlies van 63 miljard dollar aan inkomste veroorsaak, of 'n groter impak hê wat tot 'n verlies aan inkomste van 113 miljard dollar kan lei," het IATA gesê. Altesaam 110 029 bevestigde gevalle is teen Maandag in 105 lande aangemeld waaronder Suid-Afrika. Die department van gesondheid het vroeër nog vier bevestigde gevalle van Covid-19 aangemeld en bring die aantal gevalle in die land op sewe te staan.

Rowers gefnuik

NOORDWESTER – LICHTENBURG – Kol Willem Bekeer, plaaslike stasiebevelvoerder van die SAPD het bevestig dat die polisie en Omgee Buurtwag twee verdagtes gearresteer het vir die besit van dwelms en vermoedelik gesteelde eiendom.

Nadat hulle 'n persoon in Coligny beroof het, het die rowers gedink Lichtenburg is 'n veilige skuilplek. Coligny SAPD het 'n uitkyk gegee op die voertuig en dit was duidelik op kringtelevisie vasgevang toe hulle Lichtenburg binnery. Lichtenburg SAPD en lede van die buurtwag het onmiddellik reageer en na die voertuig begin soek.

Verdagtes is daarna omsingel en gearresteer. In hul besit is dwelms en gesteelde eiendom gevind. Bekeer bedank die Omgee Buurtwag vir hul ondersteuning.

Die rowers oppad na Lichtenburg op kringtelevisie vasgevang.

Gesteelde eiendom wat in die besit van die rowers gevind is.

PRIME PHARM
ARRIE NEL PHARMACY GROUP
APTEEK
36 Dr. Nelson Mandela Drive, Lichtenburg
Tel: 018-632 3095 | Faks: 018-632 3246
E-Pos: primepharm@arrienel.co.za
ONS AANVAAR PRIVAAT OF MEDIESE FONDSE KLIëNTE
Maandae tot Vrydae 08h00 tot 17h30
Saterdae 08h00 tot 13h00
(Sondae en publieke vakansie dae gesluit)
Kliniek Ure: Maandae tot Vrydae 08h00 tot 17h00
(Woendae en Saterdae gesluit)
Maandae tot Vrydae 08:00 - 17:30
Saterdae 08:00 - 13:00 | Sondae en Vakansiedae - Gesluit
Gratis Aflewering
www.arrienel.co.za
Familie Waarder, Waarder vir die hele Familie.

Noordwester
Adverteer en presteer!!
H/v Transvaal- & Melvillestraat
Tel: 018-632 6038/9
Faks: 018 632 4222
E-pos: mailbag@noordwester.co.za
Asook | As well as: Rustenburg Herald Rustenburg Boitumelo Herald's Brits Pos Mail Stellalander Gemsbok Klerksdorp Record Klerksdorp Midweek Record LENTSWE
Anita Kotzé, Redakteur, 071 606 1701, anita@noordwester1.co.za
Ronel Fourie, Ontvangsdame / Distribusie, 018-632 6038/9, ontvangs@noordwester1.co.za
Lydia Drinkwater, Advertensiekonsultant, 072 807 6913, lydia@noordwester1.co.za
Dries van Niekerk, Advertensiekonsultant, 082 644 6809, dries@noordwester1.co.za
Nnuku Moeng, Kantoor-Assistent, 018 632 6038/9, mailbag@noordwester1.co.za

Fokus op Landbou

OORSIG OOR WISSELKOERSE EN GRAANMARKTE

	LAAS	VANDAG	VERSKIL
R/$	15.27	16.07	0.8
BRENT OLIE	51.58	35.83	-15.75
GOUD	1641	1668.5	27.5

INTERNASIONALE MIELIE- EN OLIESAADPRYSE

CBOT MIELIES	3.77	3.78	0.01
CBOT SOJA	8.77	8.74	-0.03

PLAASLIKE PRYSE

WMAZ (DES)	2937	2 950	13
YMAZ (DES)	2569	2 608	39
WEAT (DES)	4785	4 910	125
SOYA (DES)	6140	6 210	70
SUNS (DES)	5450	5 570	120

UITVOER SYFERS

WITMIELIES PER WEEK	26806
GEELMIELIES PER WEEK	8380
TOTAAL VIR DIE WEEK	35186
WITMIELIES PROGRESIEF	765897
GEELMIELIES PROGRESIEF	323478
PROGRESIEWE TOTAAL	1089375

DAAR IS VERLEDE WEEK GEEN INVOERE GEDOEN NIE.

OPSOMMING

Die Rand verswak die week met die eerste Corona virus geval in Suid-Afrika. Markte reageer in paniek op verlaagte ekonomiese groei syfers, wat die verswakking in die oliepryse ook verklaar. Die verswakking in die Rand bied egter ondersteuning aan graanpryse, wat vir boere weer 'n prysings geleentheid gee vir die 2020-2021 oes. Sonneblom- en Sojaboonpryse het veral saam die verswakking van die Rand toegeneem. Die risiko is egter dat die daling in oliepryse binnekort kan oorspoel na graanpryse en die styging weens die verswakte Rand gaan teenwerk. Ethanol pryse reageer op dit wat die olieprys maak, en met die week se drastiese afname, kan ons die effek na ons graanpryse ook sien oorspoel.

Vir verdere inligting skakel gerus met NWK Graanverhandeling by (018) 633 1001 om met een van die portefeuljebestuurders naamlik, Stefan van der Westhuizen, Derik Strydom, Kobus du Plessis, Johan Venter, Hendrik Gagiano, Handri TerreBlanche, Lizandri Horn of Rinus Bezuidenhout te gesels.

Corona-krisis bedreig wêreldwye handel in landbou

NOORDWESTER – LICHTENBURG – Die onverwagse en kommerwekkende verspreiding van die Coronavirus (Covid-19) het 'n vrees vir wêreldwye ekonomiese verlangsaming laat ontstaan.

Die Suid-Afrikaanse landboubedryf voer jaarliks ongeveer 25 kommoditeite ter waarde van meer as 10 miljard dollar uit.

"Die huidige onsekerheid in die markte en die wêreldwye verlangsaming plaas bykomende druk op die verswakkende Suid-Afrikaanse ekonomie.

Die impak van die COVID-19 loop saam met die aankondiging van 'n terugtrekking van 1,4% in ons ekonomie asook 'n afname van 7,6% vir die landbou in die vierde kwartaal van 2019," sê Omri van Zyl, Agri SA se uitvoerende direkteur.

Die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) het Vrydag, 28 Februarie 2020, die COVID 19-uitbreking as 'n wêreldwye pandemie verklaar. Regerings regoor die wêreld moes noodgedwonge gebeurlikheidsplanne in plek stel asook hul bekampingsmaatreëls versterk. Die wêreldmark het verlede week meer as 6 miljard dollar verloor.

Dit was die swakste ekonomiese week sedert die wêreldwye resessie in 2008.

"Dit is tans 'n ingewikkelde taak om die ekonomiese impak op die Suid-Afrikaanse landbou te bepaal.

Op die korttermyn verwag ons uitdagings met die voorsienings-en logistieke kettings wat ernstige skade vir uitvoergedrewe landboukommoditeite kan beteken," sê van Zyl.

Agri SA werk voortdurend saam met die bedryfsliggame om die impak van COVID – 19 te monitor.

TLU SA oorweeg belastingboikot

NOORDWESTER – LICHTENBURG – TLU SA ondersoek die moontlikheid om munisipale belasting te boikot indien die regering voortgaan met onredelike verhogings van die waarde van Eiendomme.

Munisipaliteite regoor die land is in die proses om Eiendomme te inspekteer vir algemene of aanvullende waardasierolle. Die waarde van die eiendom bepaal ook die tarief wat op dienste en belasting vir die eiendom gehef word.

"Ons is verbaas en teleurgesteld oor hoe die waardes van eiendomme, spesifiek in die landbousektor, tot dubbel die huidige waarde aangepas word," sê mnr. Louis Meintjes, die president van TLU SA. "Dié verhogings is verder dubbelsinnig in die lig van onteiening sonder vergoeding en sprake van 'n nulwaarde op eiendomme. Die regering moet eerlik en konsekwent wees in hulle beleid en optrede. Jy kan nie aan die een kant sê 'n eiendom se waardes is nul sodat onteiening sonder vergoeding kan plaasvind en dan aan die ander kant ander Eiendomme se waarde opblaas sodat heffings styg nie."

Die wet spesifiseer die basis van 'n eiendomswaardasie word deur die markwaarde van die eiendom tydens verkoop bepaal. Die verkoopprys word ooreengekom deur 'n gewillige verkoper en gewillige koper.

Maar, met die waarskynlikheid van onteiening sonder vergoeding wat die waarde van eiendomme asook die hoeveelheid gewillige kopers laat afneem, is daar dan geen aanvaarbare rede vir munisipale waardeerders om die waarde van eiendom so dramaties aan te pas nie, aangesien 'n eiendom geen waarde het indien daar geen aanbod is nie.

Indien die regering sy eie wette en beleide slaafs navolg, moet die waarde van eiendom – van landbougrond en stadsgrond – in werklikheid verlaag indien nie heeltemal geskrap word nie.

"TLU SA doen 'n ernstige beroep op die onderskeie LUR'e vir Plaaslike Regering om ingevolge Artikel 81 van die Munisipale Eiendomsbelasting-wet die nodige stappe te neem en in te gryp by waardasierolle waar munisipaliteite onredelike verhogings op eiendomme toepas," sê mnr. Meintjes. "Ons dring verder aan op 'n omvattende impakstudie ten einde die waarde van landbougrond met onteiening sonder vergoeding in ag genome, te bepaal.

"Dit kom voor asof elke beleid en besluit van die regering daarop gemik is om ekonomiese groei te demper," sê hy.

"Beleggersvertroue word reeds negatief beïnvloed deur onteiening sonder vergoeding. Opgeblase eiendomspryse gaan net meer hiertoe bydra.

VEILING – SAAI-/WEIDINGSPLAAS (177ha)

DELAREYVILLE

In opdrag van die kurators van S Greeff (M150/2018) sal ons die ondervermelde eiendom verkoop

op DINSDAG, 24 MAART 2020
11:00 te plaas BOSCHPOORT

Ligging: *Ry ± 28km op die R503 vanaf Hartbeesfontein in die rigting van Coligny, draai links by die bord Boschpoort/Ottosdal en ry vir 5km. Draai links op die Paardeplaaspad en ry ± 1.5km. Plaas aan regterkant van pad, volg rigting aanwysings.*

Gedeelte 108 van die plaas Boschpoort 253, IP, Noordwes: Groot: 177,6819 hektaar

Eiendom bestaan hoofsaaklik uit 77ha droë lande en 100ha natuurlike weiding.

Verbeterings: Woonhuis met 3 slaapkamers, 2 badkamers; sitkamer; kombuis, lapa, store en stoorkamers; 6 arbeidershuise.

VOORWAARDES: *10% van die koopprys en 5% kommissie plus BTW daarop is betaalbaar deur die KOPER by toeslaan van die bod. Balans teen transport, waarborg gelewer te word 60 dae na bekragtiging. Kopers moet 'n bewys van woonadres en identiteit beskikbaar hê.*

Vir nadere besonderhede skakel:
Afslaer/ RUDI MÜLLER 082 490 7686
ANTON ENGELBRECHT 082 789 2772 / 018 294 7391
Besoek ons webtuiste vir meer inligting asook die reëls van die veiling en die regulasies in terme van die Verbruikerswet: www.ubique.co.za

Afslaers UBIQUE Auctioneers
www.ubique.co.za

SAPD en GPF besoek Grasfontein

Lede van die gemeenskap van Grasfontein luister aandagtig na sprekers tydens die besoek van die SAPD en ander belanghebbendes in verband met die wettige proses voor 'n optog gehou word.

NOORDWESTER – LICHTENBURG – Die Lichtenburg SAPD en GPF (Gemeenskapspolisiëringsforum) het onlangs met ander staatsdepartemente hande gevat en Grasfontein besoek.

Die doel was om die gemeenskap inligting te gee oor die wettige proses wat gevolg moet word wanneer hulle 'n optog of gemeenskaps aktiwiteit hou.

Mnr. Mofokeng van Ditsobotla Verkeer het aan die inwoners die proses verduidelik asook waar die aansoekvorms beskikbaar is. Kol Willem Bekeer, stasiebevelvoerder van die SAPD op Lichtenburg het aan die gemeenskap die negatiewe uitwerking van geweldadige optogte verduidelik.

Mnr. Bantam van Onderwys aan die woord tydens die besoek aan die gemeenskap van Grasfontein.

Mnr. Leshage van die provinsiale verkeer het aan die gemeenskap die gevare verduidelik wanneer 'n pad versper word of padtekens verwyder word, en mnr. Bantam van die Departement van Onderwys het aan ouers die belangrikheid van skoolonderrig verduidelik.

Kol Bekeer bedank ook mnr. Morake van Immigrasie en Maatskaplike dienste vir hulle ondersteuning. Bekeer het gesê hy hoop dat die gemeenskap voortaan die regte prosedure sal volg wanneer hul gegrief is oor 'n saak.

LICHTENBURG SAPS CONTACT DETAILS

COMMUNITY SERVICE CENTRE	-	018 – 6328161 018 – 6328283
STATION COMMANDER	-	018 – 6328258
VISIBLE POLICING COMMANDER	-	082 373 9905
DETECTIVE COMMANDER	-	082 416 1638
VISPOL STANDBY DUTY OFFICER	-	082 416 0951

Die SAPD wil dit onder die publiek se aandag bring dat indien die stasie nie op die verskafte nommers bereik kan word nie (tydens beurtkrag en lynprobleme) kan u die Vispol bystand diensoffisier-nommer skakel, aangesien die selfoon by die skofbevelvoerder aan diens is.

Boekklub besoek laerskool

Tydens "Mother Tongue" taaldag het Coligny Biblioteek die Thutu Mmlegi Laerskool besoek. Die 'Implicit Reflection' Boekklub het van hul lede gebruik om stories in hul moedertaal vir die graad een's te lees wat hul terdeë geniet het. Die inisiatief was onder leiding van Lourens Mahlonoko, biblioteekassistent wat op die foto te sien is tydens die geleentheid.

NWK MECHANISATION

This opportunity comes once in a leap year...

Have a NWK technician inspect your combine and/or tractor during the off season at the CONVENIENCE OF YOUR OWN FARM
Hand in your inspection sheet at your nearest NWK Mechanisation branch for repairs or parts and get the following discounts:

INSPECTION FREE OF CHARGE

7.5% DISCOUNT on parts purchased over the counter

15% DISCOUNT on parts fitted through the workshop

Promotion valid from 29 February to 31 March 2020

Contact your nearest NWK Mechanisation branch for more information:

Brits	067 365 7357	Lichtenburg (ATC)	018 632 0301
Delareyville	053 948 1912	Mareetsane	018 332 2662
Delmas	013 665 4258	Ottosdal	018 571 0103
Koster	014 543 2019	Sannieshof	018 683 0130
Lichtenburg	018 632 1992	Vryburg	053 927 0167

NEW HOLLAND AGRICULTURE

nwk.co.za • All prices EXCLUDES VAT • Receive all your NWK promotions electronically. • Visit www.nwk.co.za and sign in to get your promotions via email.

NWK se Meganisasie-bemarkers kén hul storie

NOORDWESTER – LICHTENBURG - Danksy 'n energieke, bekwame bemarkingspan, het NWK Meganisasie reeds meer as 100 New Holland-eenhede in die huidige finansiële jaar verkoop.

Meer as 100 New Holland-eenhede is reeds in die huidige finansiële jaar deur die bekwame bemarkingspan van NWK Meganisasie verkoop.

Flip de Bruin, 'n vervoerkontrakteur en deeltydse produsent van die Klerksdorp-omgewing, het onlangs 'n hele paar New Holland werktuie by NWK aangeskaf en is vol lof vir die diens wat hy by die oudste landboumaatskappy in Suid-Afrika se Meganisasie-afdeling ontvang het.

Hy is deur Hannes Marx, NWK se Meganisasie-bemarker op Koster, bedien. "Ek is hoogs tevrede met NWK se diens. Ek ken vir Hannes al lank. Hy het 'n passie vir wat hy doen en stel werklik in die kliënt en sy opset belang. Hy práát boerdery en wil nie net 'n produk aan jou afsmeer nie," het Flip verduidelik. "Hannes is regtig 'n goeie trekker verkoopsman," het hy bygevoeg.

Flip vervoer meestal landbouprodukte en het talle kliënte in die veevoerbedryf. Sy boerderypraktyk het eintlik as 'n stokperdjie begin. "Ek doen onder meer presisie kalkstrooi, maar wou toe produkte lewer waarin my vervoerkliënte sou belangstel."

Hy het 'n voerkraal vir skape op die been gebring en is ook nou besig om 'n voerkraal vir beeste te vestig.

Hannes het Flip se unieke behoeftes in ag geneem en hom van die beste raad voorsien oor New Holland-voertuie wat dit sou aanspreek.

Die goeie prestasie van NWK se Meganisasie-afdeling is te danke aan 'n regrukproses wat in Junie 2019 in Meganisasie van stapel gestuur is. Herstrukturerings het gevolg en Pieter Coetzer is aangestel as bestuurder: Kleinhandel en Meganisasie. Johan Jansen van Rensburg is as operasionele bestuurder van Meganisasie aangestel. Met hierdie bekwame, ervare manne aan die stuur van dié skip, is Meganisasie vasberade om op die suksesse van 2019/2020 voort te bou.

NWK Meganisasie het 'n fantastiese skrikkeljaar aanbod wat jy nie durf misloop nie! 'n NWK-tegnikus sal jou trekker en/of stroper gratis op die gerief van jou plaas kom nagaan. Handig die inspeksieverslag by jou naaste NWK Meganisasie-tak in en kry goeie afslag op onderdele en vakmanskap.

Opskud! Dié aanbod is geldig tot einde Maart. Die span kundige bemarkers, wag vir jou oproep.

KONTAK HULLE AS VOLG:

- **Brits: Shortie Kloppers by 082 787 8680**
- **Delmas: DW van Rensburg by 082 577 0143**
- **Koster: Hannes Marx by 082 771 9759**
- **Lichtenburg: Giel Lombaard by 082 314 3637**
- **Sannieshof: Escharl Erasmus by 082 416 1827**
- **Vryburg: Frans Kamffer by 082 579 1079.**

R10 000 te wen in ons Bruidskompetisie!

NOORDWESTER – LICHTENBURG – Dit is weer tyd vir ons jaarlikse Bruidskompetisie en oudergewoonte sal die webruid met 'n allemintige prysgeld van R10 000 wegstap!

Vanjaar kan bruide slegs aanlyn inkryf en geen inskryfvorms sal in die koerant beskikbaar wees nie. Die kompetisie is reeds oop vir inskrywings.

Daar sal slegs aanlyn – webwerf en Facebook gestem word en geen stembriefies en foto's sal nie in die koerant gepubliseer word nie. Die kompetisie sluit op 3 Mei en stemme open op 11 Mei. Stemme sluit op 17 Mei om middernag en die wenner word in die week van 18 Mei aangekondig.

Die reëls vir die kompetisie is as volg:

- Slegs bruide wat tussen 1 Januarie 2019 en 31 Desember 2019 getroud is, mag inskryf.
- Bruide moet binne die fisiese verspreidingsgebied van die Noordwester woon.
- Inskryfgeld beloop R100 per foto en foto's moet van goeie kwaliteit wees.
- Indien daar nie genoeg inskrywings is nie, behou die Noordwes Koerantgroep die reg voor om die kompetisie op te skort. Inskrywingsgeld sal in dié geval terugbetaalbaar wees.
- Vir die inskrywings om op die webwerf te verskyn moet dit ten volle aanlyn betaal wees.
- Neem asb. kennis dat die verwysingsnaam op die inbetaling aanlyn of in die bank Bridenoordwester20 (jou naam) moet wees.
- Met u inskrywing verstaan en stem u saam met die reëls en voorwaardes wat deur Noordwes Koerante daargestel is en gee u toestemming vir die gebruik van die foto's vir publikasie aanlyn of in druk.
- Die Noorwester hou die reg voor om enige deelnemende bruid te diskwalifiseer indien nodig.
- Met u inskrywing aanvaar u dat die Noordwester die reg het om die reëls ter enige tyd te wysig sonder kennisgewing, indien nodig.
- Deelnemers aanvaar die finale uitslag van die stemmery en geen debat sal daaroor gevoer word nie.
- Deelnemers stem in om op redelike tye beskikbaar te wees vir kommunikasie met die Noordwester.



Geklassifiseerde Advertensies Classified Smalls

Tel: (018) 632 6038/9
Faks: (018) 632 4222
Posbus/P.O. Box 2000, LICHTENBURG 2740

Published by North West Newspapers (Pty) Ltd and printed by North West Web Printers (Pty) Ltd, 13 Coetzer Street, Rustenburg, N.W. Province.

ADVERTENSIES

Adverteerders word daarop gewys dat kansellasies van advertensies skriftelik moet geskied. Die Noordwester aanvaar geen verantwoordelikheid vir advertensies wat nie geplaas word nie

****

ADVERTISEMENTS

Advertisers should note that advertisements must be cancelled in writing. The Noordwester accepts no responsibility for advertisements which do not appear

Adverteerders word daarop gewys dat geen verantwoordelikheid geneem word vir geklassifiseerde advertensies wat na 17:00 op Woensdag per E-pos ontvang word nie.

****

Advertisers are advised that we do not accept responsibility for E-mail classified advertisements which reach us after 17:00 on Wednesday.

VOORWAARDES VIR AANVAARDING:

Die Noordwester behou die reg voor om enige advertensiebestelling terug te hou en om enige advertensiebestelling wat aanvaar is, te kanselleer. Die Noordwester aanvaar geen aanspreeklikheid vir versuim om enige advertensie te plaas wat per telefoon of andersins ontvang is nie.

FOUTE:

Meld foute in advertensies onmiddellik aan. Die Noordwester aanvaar nie aanspreeklikheid vir meer as een foutiewe plasing van enige advertensie of vir enige koste benewens die koste van die ruimte wat deur die fout in beslag geneem word nie. Geen herdruk van advertensies sal verleen word nie as klein tipografiese foute voorkom wat nie die waarde van die advertensie verminder nie. Dit wil sê slegs wenslike foute wat tot werklike verliese lei, word in aanmerking geneem.

Hofiegids Heading Key

1. PERSOONLIK PERSONAL
1a. IN MEMORIAM
1b. DOODSBERIGTE DEATH NOTICES
2. BETREKKINGS VAKANT SITUATIONS VACANT
3. BETREKKINGS GEVRA SITUATIONS WANTED
4. GELD EN LENINGS MONEY & LOANS
5. HUISE TE HUUR HOUSES TO LET
6. WOONSTELLE TE HUUR FLATS TO LET
7. PLOTTE EN PLASE TE HUUR PLOTS AND FARMS FOR HIRE
8. ALGEMEEN TE HUUR GENERAL FOR HIRE
8a. AKKOMMODASIE ACCOMMODATION
9. TE HUUR GEVRA WANTED TO HIRE
10. HUISE TE KOOP HOUSES FOR SALE
11. WOONSTELLE TE KOOP FLATS FOR SALE
12. ERWE TE KOOP STANDS FOR SALE
13. PLOTTE EN PLASE TE KOOP PLOTS AND FARMS FOR SALE
14. BESIGHEDE TE KOOP BUSINESSES FOR SALE
15. ALGEMEEN TE KOOP MISC. SALES
15a. ONDER R50/UNDER R50
16. TE KOOP GEVRA/WANTED
17. VOERTUIE TE KOOP VEHICLES FOR SALE
17a. VERVOER TRANSPORT
18. TREKKERS EN IMPLEMENTE TRACTORS AND IMPLEMENTS
19. WOONWAENS/CARAVANS
20. DIERE/ANIMALS
21. TE RUIL/TO SWOP
22. VERLORE/LOST
23. SPESIALE DIENSTE SPECIAL SERVICES
24. VAKANSIEOORDE HOLIDAY RESORTS
25. KENNISGEWINGS/NOTICES
26. TENDERS
27. TE LAAT VIR KLASSIFIKASIE TOO LATE FOR CLASSIFICATION.

1 PERSOONLIK PERSONAL

ST. Barnabas Anglican Church, 24 Long Street. Sunday service 9:00, English & Afrikaans. All welcome
---------- 16/1 N/C T/C

SEWENDEDAG Adventiste Kerk. Charlweg 24, Retiefpark. Dienstye: Saterdag 9:30 Bybelstudie. 11:00 Erediens. Navrae: Pieter Kruger 083 725 5658. Epos adres: pieterkruger74@yahoo.com
---------- NC/TC

NUWE Apostoliese Kerk. Dienstye Sondae 09:00 - 10:00. Plek: 9de Straat 5, Coligny. Almal baie welkom. J.J. Smit, Tel. 076-228-2137
---------- 8/6 NC/TC

UBUNTU International Family Centre. A place where dreams come true!! Pastor Dawie Williams, Blydeville Community Hall. Tel: 018-632-2300 Fax: 018-632-0746 Service Times: Children's church: 8h00 am, Sunday mornings: 09h00 am, Sunday Evenings: 18h00 am Tuesday prayer encounter: 19h00. Other meetings are announced
---------- NC/TC

ST Francis Xavier Catholic Church. Transvaalstr. 19. Tel 018 632 2787. Fr Pieter Peeraer/ Priest Sunday Mass: 08:00
---------- 8/4 NC/TC

CHRISTEN Lewe Gemeente Le Rouxstraat 77. Tel: 018-6323628, 0832870107. Dienstye: 09:30. Kinderkerk terselfdertyd. Tweetalige diens. Almal welkom
---------- NC/TC

CHRISTIAN Life Church. 77 Le Roux Street. Tel: 018-6323628, 0832870107. Time: 09:30. Childrens Ministry Simultaneously. Bilingual services. All welcome
---------- NC/TC

SIRKULASIEBURO VAN SUID-AFRIKA
Reg. Nr. 05/26033/06

ABC CERTIFIED

AUDIT BUREAU OF CIRCULATIONS OF SOUTH AFRICA
Reg. Nr. 05/26033/06

Wenke vir Geklassifiseerde Advertensies

1. Beplan en skryf u advertensie uit voordat u by die Noordwester kom.
2. Maak seker dat u duidelike en korrekte kontak besonderhede gee soos naam en/of adres en telefoon en/of selfoonnommer.
3. Die koste van 'n geklassifiseerde advertensie is R42,63 vir die eerste 15 woorde, en daarna R1.50 per woord + BTW.
4. Bring u advertensies vroegtydig. Sluitingstyd is Woensdae 17:00.
5. Donderdagoggend tot 09:00. Waar die advertensie dan onder die Hofie 27 "Te Laat vir Klassifikasie" sal verskyn.
6. Ons verander of maak nie u taal reg nie. Verseker dus dat u reg spel. Ons plaas net wat u skryf.

1 PERSOONLIK PERSONAL

METHODIST Church. Cnr. Kerk & Bantjies Streets. Every Sunday 09:00 Rev Walter Gill. All welcome
---------- 10/05 NC/TC

EVANGELIES-GEREFORMEERDE Kerk. Dienstye: Sondag 08:45. Mothsaal Lichtenburg. Kontak Ds. Anton Kleingeld 084 758 0436. Almal welkom
----------NC/TC 27/7

A.G.S. (Nuwe Lewe Charisma Gemeente), Durrstraat 14, Sannieshof. Dienstye: Sondagoggend 09:30. Kinderkerk tydens oggenddiens. Pastoor Paul Labuschagne 082 551 8508 na ure. Adri 084 767 3455 alle ure
---------- 12/10 NC/TC

DIE A.G.S. Kruisgemeente Lichtenburg. 17h00 Aanddiens; 9h30 kinderkerk saam met oggend diens. 083 711 1329
---------- 2/8 NC/TC

JEHOVAH se getuies. Nuwe adres, 396 Mojaki Street, Boikhutso. Donderdag 18:30 www.jw.org/af
---------- 22/11 NC/TC

THE Word of Grace Mission invites you - Corner Buchanan and Burger Street Sunday 10h00 - 12h30. Thursday midweek service 17h30 - 19h30. Contact: 079 202 0549. Preaching the message of hope
----------16/8 NC/TC

ELOHIM Assembles of God Blydeville. Sondag = 10h00. Sondag = 18h00. Woensdag Aand 19h00 biduur. Vrydag aand 19h00. Jeugdiens. Past. P.E. Lambar 082 502 0813
----------13/9 NC/TC

CHURCH: Excellence Kingdom Embassy under the leadership of Pastor Noxolo Mahiti invites you to Sunday Fellowship at 10am till 13pm at Lichtenburg town hall. Rising up from power of defeat.
---------- NC/TC

THE Word of Grace Missions. Invites you to our Church Services. Venue: 58 Corner Buchanan & Burger Street. Mokones Building, Lichtenburg. Sunday 10:00-12:30 hrs. Pastor Leonard Thembo. Cell: 072 956 7179, 082 855 0568. Tel: 018 632 2693. Preaching the message of hope
---------- 19/12 N/C T/C

NG Klipkerk, Gerrit Maritzstraat, Lichtenburg. Dienstye: Sondae 09:30. Biduur Maandae 17:15. Almal welkom. Navrae E. Pienaar (Skriba) Tel. 018-632 3463
----------6/2 N/C T/C

WARNING

ALL ADVERTISEMENTS RELATING TO:

- Loans and financing
- Hire purchase problems / Transfer of installments
- Business opportunities
- Investments
- The filling of envelopes
- Work at home
- Earn extra money
- Business propositions
- Part-time work

PROHIBITED:
Use of the following words in abovementioned advertisements are prohibited:
*No Credit Checks required
*Blacklisted clients welcome
*Free Credit etc.
MUST contain the following information in the advertisement:
Telephone number
Street address
Name of person and/or business.
These are the requirements and NO exceptions will be made. All advertisements are placed with the approval of the National Press Union and it is our responsibility as an advertising medium to ensure that these rules are strictly adhered to. However, it still remains the responsibility of the buyer or consumer to thoroughly investigate the trustworthiness of the advertiser with whom they are doing business.

1 PERSOONLIK PERSONAL

EDEN Ministries Int. A multi racial church where we reflect the heart of God. Pastor Hughrian Lottering. Cell: 083 988 0512. Mokone Hall corner Buchanan & Burger Str. Sunday service 10h00.
----------27/2 NC/TC

COLIGNY: Pinkster Houtkruis Gemeente. Tuin Bediening. Kom ervaar God se liefde en word deel van 'n familie wat 'n verskil wil maak in die gemeenskap. Lokaal: Coligny Hoërskool saal (hoofingang). Sondagoggend 09:30. Gert du Toit 073 180 6711 of Solly Barnardt 079 816 6029.
---------- NC/TC

VOLLE Evangelie Kerk. Republiekstraat 55 Lichtenburg 2740 Posbus 226, Tel/Faks 018 632 2431. Dienstye: Sondae: 10:00 Erediens en Kinderkerk. Aanddienste 18:00. Woensdae: 19:00 Woordvat & Bidtyd, kategese skool Sondae tydens erediens. Almal welkom. Navrae: Pastoor Wessel Groeneveld. Kantoor/ Woning 018 632 2431. Sel.nr. 079 872 0992.
----------20/7 NC/TC

AGS- Die Hebron Gemeente, Coligny. Kom luister na Gees gesalfde prediking en deel saam met ons in ons lofprysing en aanbidding. Sondae 09:30 te Kilianstraat 9, Verdoornpark. Kontaknommers 072 567 8386 / 071 314 1300.
----------12/8 NC/TC

LUTHERSE kerk Hakboslaagte Afrikaanse eredienste. 1e + 2e Sondag. Almal welkom. Navrae: Ds. Jan Duvenhage. Tel: 018 632 0083/ 071 428 3149.
---------- 3/3 NC/TC

NEW Beginnings Christian Family Church (NBCFC Lichtenburg). 10 am + 5 pm. 33 Nelson Madela Drive, Lichtenburg. Tel: 074 559 5661 / 082 258 0995
---------- 4/8 NC/TC

A.G.S / AFM - House of Grace, Blydeville, Lichtenburg. Sunday mornings: 10H00 am Fellowship. Wednesday evenings: 19H00 pm Prayer Meeting. Friday evenings: 19H00 pm Youth Gathering. Sunday mornings: 08H30 am Children Ministry. Contact: Pastor D. Elliot 076 600 4716. Contact: Pastor C. Hopley 061 569 9119
---------- NC/TC

KENNIGEWING: Hiermee word kennis gegee dat enige item wat langer as 90 dae by Mower World is, (geherstel of nie geherstel) afgehaal moet word binne 7 dae, andersins sal dit verkoop word om kostes en stoorgelde te dek. Notice: Hereby notice are given to all Machines longer than 90 days at Mower World, (repaired or not repaired) to be collected within 7 days or will be sold to defray repair and storage cost
----------79288 28/2-13/3

2 BETREKKINGS VAKANT SITUATIONS VACANT

ALGEMENE Ontvangs Debiteure / Krediteure invorderings. Rekeninge. Stuur u CV na: drtheart@telkomsa.net. Voor of op: 13/3/2020
---------- 79365 13/3

VLEISVERWERKINGS fasiliteit op Lichtenburg is op soek na vleiswerkers en pakkers. Spesifieke vleis / slag ondervinding sal voordelig wees maar is nie 'n voorvereiste nie. Persoon moet woonagtig wees in Lichtenburg. Stuur CV na cv@myapplication.co.za. Aansoeke sluit 13 Maart
---------- NC 13/3

KROEGDAME benodig. Delareyville Gholfklub benodig die diens van 'n dinamiese kroegdame om met diens te begin op Maandag 6 April 2020. Stuur asseblief u CV na die Sekretaris, Delareyville Gholfklub. E-pos: hduplaw@lantic.net
Kontak persoon: H du Plessis 053 948 0912.
----------79400 13/3-20/3

3 BETREKKINGS GEVRA SITUATIONS WANTED

38 JARIGE blanke man met 15 jaar boukonstruksie ondervinding soek dringend werk. Skakel 078 971 4591.
---------- 79355 6/3-13/3

SIENA soek huiswerk. Skoonmaak ens. 073 999 4970.
---------- 79377 13/3

REBECCA soek kombuiswerk, skoonmaak, was, stryk. 078 517 7255.
---------- 79376 13/3

ELIZABETH soek huiswerk. Was, stryk, skoonmaak. 072 357 4812.
---------- 79402 13/3

3 BETREKKINGS GEVRA SITUATIONS WANTED

AGNES soek huiswerk, was, stryk, skoonmaak. 076 147 1185.
---------- 79401 13/3

POPPIE soek skoonmaak werk, goed met kinders. 083 964 1495.
---------- 79397 13/3

SYLVIA soek huiswerk, skoonmaak ens. 063 018 8088.
---------- 79399 13/3

EMILY soek huiswerk, skoonmaak ens. 073 232 1949.
---------- 79388 13/3

DINAH soek huiswerk, skoonmaak ens. 062 568 7807.
---------- 79378 13/3

MARTHA Loving soek huiswerk, was, stryk, ens. Goed met baba's. 060 744 8412.
---------- 79387 13/3

MARTHA soek skoonmaakwerk, was, stryk ens. 060 4258 4063.
---------- 79386 13/3

RACHEL soek huiswerk vir 3 dae. Maandae, Woensdae en Vrydae. 063 044 2360.
---------- 79379 13/3

REBECCA soek huiswerk. Was, stryk, ens. 072 918 0283.
---------- 79380 13/3

ROSINAH soek skoonmaakwerk, was, stryk ens. 082 868 0366.
---------- 79384 13/3

SARAH soek skoonmaakwerk. Goed met kinders. 073 340 0340.
---------- 79383 13/3

GLORIA soek kombuiswerk ens. 083 687 1023.
---------- 79382 13/3

FRANSIENA soek kombuiswerk. 073 979 3177.
---------- 79381 13/3

4 GELD & LENINGS MONEY & LOANS

Cash Advance
While waiting for
✓ Pension Package
✓ Provident fund
✓ Road Accident Fund
✓ Profit from Sale of House
Office no: 4 | 69 Carrington Street | Mafikeng 2745
Cell 076 617 0902 / 078 909 2551

5 HUISE TE HUUR HOUSES TO LET

